# WYN- EN SPIRITUSRAAD

## Skema vir Geïntegreerde Produksie van Wyn

## Geïntegreerde Produksie Van Wyn:

## Handleiding vir die Plaas

**Junie 2020**

**Opgestel deur LNR Infruitech - Nietvoorbij**
**In samewerking met die wingerd en wynbedryf**

# 1. Algemeen

Hierdie handleiding het betrekking op en is vir implementering van die IPW Riglyne wat in die bedryf vrygestel is en het verder ten doel om te help met die invul van die IPW evaluasievorms.

***Hou die riglyne naby vir vinnige naslaan***.

a. Alle veranderinge soos die kodering van nuwe chemikalieë of wetgewing sal deurlopend op **www.ipw.co.za** beskikbaar gestel word.
b. Produsente moet Bylae 1, insluitende Tabel 1A en 1B (indien van toepassing), Bylae 2A, 2B en 2C invul en dit elke jaar voor einde Mei via ***www.ipw.co.za*** op die elektroniese databasis indien.
c. Kelders moet Bylae 4 vir die afgelope parsseisoen invul en dit elke jaar voor einde Mei via ***www.ipw.co.za*** op die elektroniese databasis indien.
d. Let wel dat kelderbestuurders self seker moet maak of produsente wat aan hul lewer by IPW geregistreer is en vorms ingedien het, alvorens druiwe by hulle ingeneem word.

# 2. Evaluasie van voldoening aan riglyne vir die plaas

**Filosofie van Geïntegreerde Produksie (IP)**
IP het ten doel om gesonde druiwe met minimum insette en inmenging te produseer. Hoe minder aksies in die wingerd, hoe laer die impak op die omgewing en hoe laer die produksiekoste.

**Kyk na die ingevulde voorbeeld van Bylae 1 vir die plaas Skerpdraai op bl. 18.**

***Die puntestelsel werk so dat dit nie moontlik is om 'n punt van 1 of 'n punt van 4 toe te ken nie*** – alleenlik 0, 2, 3 of 5 punte kan toegeken word. Die punte word ingevul (moenie kruisies of regmerkies maak nie) en na die regterkantste kolom oorgedra of vermenigvuldig met 2 of 10 soos van toepassing by riglyne 7, 13, en 15. Die punte in die regterkantste kolom word opgetel. **Om vir IPW te kwalifiseer, benodig 'n plaas sonder enige natuurlike areas om te bewaar 'n totaal van 162 punte uit 270 [≥60 %] en 'n plaas met natuurlike areas benodig 'n totaal van meer as 180 punte uit 300 [≥60 %].**

**Diskwalifikasie:** Indien toepaslike wetgewing, soos in die riglyne aangedui, nie nagekom word nie [bv. grond-bewerking sonder nodige permitte, rivierwalle wat bewerk word en rivierlope verander, gebruik van ongeregistreerde landbouchemikalieë], en sodanige aksies of versuim benadeel die omgewing, kan die IPW Bestuurder die Wyn- en Spiritusraad versoek om sodanige lid se lidmaatskap tydelik of permanent op te hef.

**PUNTETOEKENNING;** Lees wat in die riglyn staan en afhangende tot watter mate daar aan die gestelde ideaal voldoen word, word 'n 0, 2, 3 of 5 toegeken. Onthou dat toegekende punte met die nodige dokumentasie gestaaf moet kan word.

**Riglyn 1 "IPW Opleiding"** Daar is geen beperking op die aantal persone per plaas wat 'n IPW sertifikaat mag verwerf nie, maar dit is uiters belangrik dat die persoon of een van die persone wat in direkte beheer van besluitneming ten opsigte van boerderypraktyke is, 'n IPW sertifikaat moet verwerf. Dit help nie dat net die administratiewe beampte IPW opleiding ontvang nie.

Eksterne konsultante kan help met die bestuur van IPW deur middel van dokumentbeheer en rekordhouding. Tensy bevestig kan word dat die konsultant in 'n deurlopende besluitnemingsposisie op die plaas aangestel is en toepaslik opgelei is, mag die konsultant egter nie die plaas verteenwoordig of IPW-derde party-oudits namens die plaas fasiliteer nie.

- Vir die verwerwing van 'n IPW opleidingsertifikaat deur 'n persoon in 'n bestuurs- of besluit-nemingposisie op die plaas gedurende die laaste 3 jaar, word 5 punte toegeken.
- Indien iemand in 'n bestuurs- of besuitnemingsposisie op die plaas wel in besit van 'n opleidingsertifikaat is, en in die laaste 3 jaar 'n opknappingskursus bygewoon het, word 5 punte toegeken.
- Indien iemand in 'n bestuurs- of besuitnemingsposisie op die plaas wel in besit is van 'n opleidingsertifikaat wat minder a 6 jaar oud is, maar nie in die laaste 3 jaar 'n opknappingskursus bygewoon het nie, word 3 punte toegeken.

- Indien die opleidingsertifikaat ouer as 6 jaar is, word 0 punte toegeken.
- Indien niemand in ‘n bestuurs- of besuitnemingsposisie op die plaas ‘n sertifikaat het nie, word ‘n 0 toegeken. Indien slegs iemand in ‘n administratiewe hoedanigheid ‘n IPW sertifikaat het, word 0 punte ook toegeken.

**Riglyn 2 “Bewaring en Bestuur van die Plaas en Omgewing”** IPW vereis dat elke plaas ‘n omgewingsbestuursplan moet hê wat die risiko’s op die bewerkte gedeeltes van die plaas aanspreek, en wat die bewaring van die natuurlike gebiede op die plaas (indien van toepassing), insluit. ***Dit is belangrik dat alle werkers en inwoners op die plaas met die bepalings van die omgewingsplan vertroud sal wees.***

**2.1 Omgewingsbestuursplan vir die boerdery-areas en –aktiwiteite**

Hierdie gedeelte is op ALLE plase van toepassing. Voordat ‘n bestuursplan opgestel word, moet al die omgewingsrisiko’s eers geïdentifiseer word.

**Stap 1 Identifikasie van Risiko’s**

Merk slegs ja (√) of nee (X) om aan te dui of u aan die riglyne en/of wetgewing voldoen/die nodige voorsorgmaatreëls, praktyke of prosedures in plek is om die volgende risiko’s vir omgewings-besoedeling aan te spreek? Verwys na IPW Riglyne vir besonderhede. Hierdie voorsorgmaatreëls, praktyke of prosedures word dan volledig in die bestuursplan uiteengesit. Indien nie van toepassing, merk as “nvt”.

| **Beskrywing van Risiko (Besonderhede in IPW Riglyne)** | **Voldoen/Prosedure in plek? Merk Ja/Nee/Nvt** |
|---|---|
| NATUURLIKE HULPBRONNE | |
| Risiko’s t.o.v. gronderosie en verlies van grondkwaliteit<br>• Grondvoorbereiding en Bewerking – aangespreek deur IPW Riglyne 3 & 7. | |
| • Verspoeling van bewerkte grond - – aangespreek deur IPW Riglyne 3 & 7. | |
| • Stormwater langs paaie en vanaf geboue op plaas moet herlei word om verspoeling van grond en rivieroewers, asook toeslik van vleilande te vermy. | |
| • Winderosie: grond wat braaklê of bewerk word wanneer te droog en winderig – aangespreek deur IPW Riglyne 3 & 7. | |
| Registrasie van watergebruik<br>• Registreer alle watergebruik en –onttrekking uit waterbronne (wetgewing). | |
| Verlies van waterkwaliteit (in riviere, vleilande, boorgate en damme) weens<br>• Grondbewerking - aangespreek deur IPW Riglyne (plaas) 3 & 7. | |
| • Onoordeelkundige/oormatige gebruik van landboumiddels (bemesting, plaagbeheermiddels) – aangespreek deur IPW Riglyne (plaas) 8 & 14. | |
| • Sypeling vanaf stortingsterreine vir huishoudelike afval. | |
| • Sypeling vanaf afvalterreine vir kelderafval, asook vanaf komposhope – aangespreek deur IPW Riglyne (kelder) 10 en (plaas) 14. | |
| • Huishoudelike skoonmaakmiddels (kombuis, badkamers) en skoonmaak-middels in kelders kan waterkwaliteit nadelig beïnvloed. | |
| Watergebruik moet oordeelkundig en doeltreffend wees (vermy vermorsing)<br>• Boerdery-aktiwiteite - aangespreek deur IPW Riglyn 9 (plaas). | |

| | |
|---|---|
| • Kelderaktiwiteite - aangespreek deur IPW Riglyn 8 (kelder). | |
| • Huishoudelike gebruik (tuin ingesluit). | |
| BIODIVERSITEIT | |
| • Korridors van inheemse plante om fragmente van natuurlike plantegroei te verbind. | |
| • Hervestiging van inheemse plante rondom damme, langs rivieroewers en paaie. | |
| • Plaasdamme as habitat vir biodiversiteit (inheemse vis, natuurlike plantegroei). | |
| • Beheer van inheemse probleemdiere (bobbejane, ystervarke, wildsboke wat botsels vreet) en huishoudelike plae (rotte, muise) moet omgewingsvriendelik wees. | |
| • Versteuring van voëls en ander wilde diere deur boerdery-aktiwiteite: mitigeer deur bv. oprig van pale en platvorms in wingerde vir roofvoëls. | |
| OMGEWINGSBESOEDELING a.g.v. menslike aktiwiteite en wingerdboerdery | |
| • Opberging van brandstof op plaas (tenk). | |
| • Opberging van landboumiddels - aangespreek deur IPW Riglyn 14 (plaas). | |
| • Hantering en aanwending van landboumiddels, insluitend volmaakpunte en wegdoen van leë houers - aangespreek deur IPW Riglyn 14 (plaas). | |
| • Opberging en aanwending van bemestingstowwe - aangespreek deur IPW Riglyn 8 & 14 (plaas). | |
| • Wegdoen van huishoudelike afval – voldoen aan wetgewing. | |
| • Wegdoen van kelderafval - aangespreek deur IPW Riglyn 10 (kelder). | |
| • Wegdoen/herwinning van plaasafval vanaf werkswinkel, pakstoor en ander aktiwiteite: ou olie, bande, yster, plastiekpype, verpakkingsmateriaal van goedere aangekoop (sakke, blikke, karton, plastiek). | |
| • Riool – moet sodanig hanteer word dat dit nie waterbronne besmet of 'n gesondheidsrisiko inhou nie. | |
| • Indringerspesies – verklaarde onkruide in en om wingerde en plaasomgewing moet volgens wetgewing & riglyne beheer word. | |
| • Lugbesoedeling deur kompressors en voertuie (diens gereeld), verkoeling in kelder (aangespreek deur IPW Riglyne 7 & 11 vir kelder), wegdrywing van plaagdoders (aangespreek deur IPW Riglyn 14 vir plaas). | |
| • Geraasbesoedeling – plaasimplemente en voertuie, kelderaktiwiteite (lg. aangespreek deur IPW Riglyn 11 vir Kelder). | |
| • Toerisme – verkeer, watergebruik en riool, instandhouding van paaie. | |
| • Ligbesoedling – effek van ligte wat snags aanbly op naglewende organismes. | |
| <u>Brand</u><br>• Identifiseer hoë-risiko brandpunte op plaas (vuilgoedgate, opberg van pakmateriaal). | |
| • Stel brandplan op. | |

| | |
|---|---|
| • Stel voldoende toerusting vir brandbestryding beskikbaar. | |
| • Sluit aan by brandbestrydingsvereniging. | |
| ANDER BOERDERY-AKTIWITEITE (bv. vee- of melkboerdery, ander gewasse) | |
| Alle risiko's moet geïdentifiseer word en bewys moet gelewer word van hoe dit aangespreek word. Verwys na ander relevante volhoubaarheids-inisiatiewe (bv. GLOBALGAP; volstruis-, rooibostee- of aartappelbedryfsinisiatiewe). | |
| ENERGIEVERBRUIK | |
| • Brandstofgebruik van voertuie en implemente – gereelde onderhoud; oordeelkundige gebruik. | |
| • Elektrisiteit vir huishoudelike gebruik en boerdery-aktiwiteite (pomp van water). | |
| • Elektrisiteit vir kelderaktiwiteite – aangespreek deur IPW Riglyn 3 (kelder). | |
| ONTWIKKELING/UITBREIDING/VERANDERING VAN BOERDERY EN ANDER AKTIWITEITE OP PLAAS | |
| • Permitte vir gondbewerking | |
| • Aansoeke om Hersonering van grondgebruik | |
| • Omgewingsimpakstudies soos deur die wet verlang | |
| • Impak van Bouwerke op die omgewing (stof, geraas, wegdoen van bourommel, gebruik van swaar masjinerie) | |
| • Voorsiening van water, riool en elektrisiteit aan nuwe strukture | |

**Stap 2 Opstel van 'n Omgewingsbestuursplan**

- Wanneer die relevante risiko's geïdentifiseer is, word 'n omgewingsbestuursplan vir die plaas opgestel. Dit bestaan uit die lys met geïdentifiseerde risiko's, gevolg deur die bewyse van voldoening aan wetgewing en riglyne (kaarte, planne, ooreenkomste, voorsorgmaatreëls) en aksieplanne vir daardie risiko's waar nog nie aan riglyne/wetgewing voldoen word nie.
- Vir elke risiko wat op die plaas en boerdery-aktiwiteite van toepassing is, word bewyse dat reeds aan die riglyne en/of wetgewing ten opsigte van 'n betrokke risiko voldoen word, net so in die bestuursplan opgeneem. Dui aan watter planne/voorsorgmaatreëls/bestuurspraktyke in plek is (bv. brandplan of ooreenkoms met herwinner vir verwydering van leë houers van landboumiddels) om elkeen van die risiko's aan te spreek. Waar dit met byvoorbeeld die bestuursplan van die natuurlike gebiede of die IPW Riglyne oorvleuel, kan bloot na hierdie dokumente verwys word.

**Stap 3 Opstel van 'n aksieplan**

- Indien daar nog nie 'n prosedure of plan in plek is om 'n betrokke risiko aan te spreek nie, word dit as 'n doelwit in die aksieplan opgeneem. Onder elke doelwit moet beskryf word watter plan/voorsorgmaatreëls/bestuurspraktyke daargestel gaan word om die risiko aan te spreek. Die naam van 'n verantwoordelike persoon en 'n teikendatum moet aan elke doelwit gekoppel word.
- Bewys moet gelewer kan word dat die aksies/voorsorgmaatreëls/bestuurspraktyke wat in die bestuursplan opgeneem is, wel uitgevoer en toegepas word. Dit word gedoen deur die hou van rekords (bv. van diens en instandhouding van voertuie en masjinerie), asook die instel van spesifieke moniteringsaksies/inspeksies.

**Voorbeeld**

Stap 1: Identifiseer risiko

| **Beskrywing van Risiko** | **Voldoen/Prose-** |
|---|---|

| | dure in plek? Merk Ja/Nee/Nvt |
|---|---|
| • Hantering en aanwending van landboumiddels, insluitend volmaakpunte, en wegdoen van leë houers - aangespreek deur IPW Riglyn 14 (plaas). | Nee |
| • Brandplan. | Ja |

Stap 2: Stel bestuursplan op met risiko's in dieselfde volgorde as hierbo.

Onder Hantering van landboumiddels word na die aksieplan verwys.

Voeg 'n afskrif van die brandplan in onder Brandbestryding in bestuursplan.

Stap 3: Stel aksieplan op met stappe om aan die riglyne/wetgewing te voldoen, waar nodig:

| Risiko | Doelwit/aksie | Verantwoordelike persoon | Teikendatum | Afgehandel (datum, paraaf) |
|---|---|---|---|---|
| Opberg van landboumiddels | • Herbou gifstoor volgens SANS10206 se voorskrifte (sien kontrolelys).<br>• Stel voorraadlys op. | A. van Bee<br>A. van Bee | Sept. 2008<br>Okt. 2008 | |

**Evaluering van bestuursplan**

Tabel 1A word ingevul om die punt wat onder riglyn 2.1 op Bylae 1 (Evaluasievorm vir die Plaas) ingevul moet word, te verkry. Sien voorbeeld vir die fiktiewe plaas "Skerpdraai" op Bl. 19.

**2.2 Bestuursplan vir die bewaring van natuurlike gebiede**

Beide onversteurde natuurlike gebiede sowel as gerehabiliteerde areas, bv. rivieroewers of vleiland waar indringerplante verwyder is en natuurlike plantegroei hervestig is, word hierby ingesluit. Die eerste stap is om al die toepaslike omgewingsrisiko's vir die natuurlike areas te identifiseer. Daarna word die toepaslike doelwitte by die omgewingsbestuursplan ingeskryf en aksieplanne opgestel.

**Stap 1 Identifikasie van Risiko's**

Merk slegs ja (√) of nee (X) om aan te dui of u aan die riglyne voldoen/ die nodige voorsorgmaatreëls, praktyke of prosedures in plek is om die volgende risiko's vir negatiewe omgewingsimpakte aan te spreek? Hierdie voorsorgmaatreëls, praktyke of prosedures word dan volledig in die bestuursplan uiteengesit. Indien nie van toepassing, merk as "nvt".

| Beskrywing van Risiko | Voldoen/Prosedure in plek? Merk Ja/Nee/NVT |
|---|---|
| BEDREIGDE EKOSISTEME | |
| • Bewaringstatus van natuurlike plantegroei/veld moet bepaal word (bv. Breede Alluvium Fynbos: Bedreigde plantegroeitipe). | |
| • Wingerduitbreiding: ploegpermitte moet verkry word vir alle ontwikkeling van ongerepte veld. | |
| • Oes van natuurlike spesies (bv. proteas) moet op volhoubare wyse geskied. | |
| • Oorbeweiding van natuurlike veld deur wild/vee moet vermy word (beperk getalle volgens drakrag, wisselweiding). | |

| | |
|---|---|
| • Geniet natuurlike areas formele bewaringstatus (bv. lid van bewarea)? | |
| RIVIERE EN VLEILANDE | |
| • Word onttrekking van water uit rivier/ondergrondse waterbron aangeteken (hou rekord) om te kan bewys dat dit volhoubaar is? | |
| • Is daar enige ontwikkeling binne aanbevole buffersone van 'n rivier/vleiland (sien IPW riglyn 2.2.1)? | |
| • Is die vloei van alle rivierlope en waterbeweging deur vleilande nog in 'n natuurlike/oorspronklike toestand (nie verander of verlê)? | |
| • Word die integriteit van enige vleiland/rivier volgens wetgewing & IPW riglyn 2.2.1. bewaar? | |
| • Vind daar aktiwiteite plaas wat besoedeling van riviere/vleilande kan veroorsaak (bv. komposwerke, stenemakery, afloopwater vanaf melkery)? | |
| • Is vleilande en/of riviere en oewers oorgroei met indringerplante? | |
| UITHEEMSE INDRINGERSPESIES | |
| • Is daar indringerplante in enige van die natuurlike gebiede? | |
| • Is 'n indringerbeheerplan met teikendatums vir beheer in plek? | |
| • Word opvolg beheer aksies uitgevoer? | |
| • Word die mees doeltreffende, geregistreerde chemise middels vir indringerbeheer gebruik? | |
| • Word ander uitheemse spesies wat na riviere kan versprei (bv. Barber, forel in plaasdamme) of wat kompeteer met inheemse spesies (bv. kraaie wat inheemse spesies verplaas) volgens omgewingsvolhoubare metodes beheer? Sien IPW riglyn 2.2.2. | |
| BRANDBESTRYDING | |
| • Identifiseer areas met hoë brandgevaar weens indringerplantgroei of natuurlike veldtipes (bv. Bergfynbos wat lank laas gebrand het) met hoë inherente brandgevaar. | |
| • Is 'n brandpaln vir die natuurlike areas in plek? | |
| • Is brandbane om, en toegangsroetes na die natuurlike areas in plek en word geen gronderosie tydens die maak daarvan veroorsaak nie? | |
| • Is die veldouderdom van die verskillende stukke natuurlike veld bekend en gekarteer? | |
| • Word beheerde brande beplan met korrekte frekwensie en brandseisoen (IPW riglyn 2.2.3) ? | |
| • Word die natuurlike areas so gebrand dat 'n mosaiek van verskillende ouderdomme veld behou word? | |
| • Word daar in voorgeskrewe seisoen gebrand en is die toepaslike permit vir beheerde brand verkry? | |

**Stap 2 Opstel van die bestuursplan vir bewaring**

- Wanneer die relevante risiko's geïdentifiseer is, word 'n bewaringsbestuursplan vir die plaas opgestel. Dit bestaan uit die lys met geïdentifiseerde risiko's, gevolg deur die bewyse van

voldoening aan wetgewing en riglyne (kaarte, planne, ooreenkomste, voorsorgmaatreëls) en aksieplanne vir daardie risiko's waar nog nie aan riglyne/wetgewing voldoen word nie.

- Vir elke risiko wat op die natuurlike gebiede/areas van toepassing is, word bewyse dat reeds aan die riglyne en/of wetgewing ten opsigte van 'n betrokke risiko voldoen word, net so in die bestuursplan opgeneem. Dui aan watter planne/voorsorgmaatreëls/bestuurspraktyke in plek is (bv. brandplan of ooreenkoms met CapeNature t.o.v. formele bewaringstatus) om elkeen van die risiko's aan te spreek. Waar dit met byvoorbeeld die bestuursplan van die boerdery-gedeelte oorvleuel, kan bloot na hierdie dokumente verwys word.

**Stap 3 Opstel van die aksieplan**

- Indien daar nog nie 'n prosedure of plan in plek is om 'n betrokke risiko aan te spreek nie, word dit as 'n doelwit in die aksieplan opgeneem. Onder elke doelwit moet beskryf word watter plan/ voorsorgmaatreëls/bestuurspraktyke daargestel gaan word om die risiko aan te spreek. Die naam van 'n verantwoordelike persoon en 'n teikendatum moet aan elke doelwit gekoppel word.
- Bewys moet gelewer kan word dat die aksies/voorsorgmaatreëls/bestuurspraktyke wat in die bestuursplan opgeneem is, wel uitgevoer en toegepas word. Dit word gedoen deur die hou van rekords (bv. areas waar indringerplante beheer is), asook die instel van spesifieke moniterings-aksies/inspeksies.

**Voorbeeld**

Stap 1: Identifiseer **risiko's**

| **Beskrywing van Risiko** | **Voldoen/Prose-dure in plek? Merk Ja/Nee/Nvt** |
|---|---|
| • Bewaringstatus van natuurlike plantegroei/veld moet bepaal word. | Ja |
| • Oorbeweiding van natuurlike veld deur wild/vee moet vermy word. | Ja |
| • Is 'n indringerbeheer plan met teikendatums in plek? | Nee |

Stap 2: Stel **bestuurplan** op met risiko's in dieselfde volgorde as hierbo.

Onder bewaringstatus van natuurlike areas word plantopname deur bv. CapeNature ingevoeg.

Onder voorkoming van oorbeweiding word bv. skedule vir weidingskamp rotasie ingevoeg.

Stap 3: Stel **aksieplan** op met stappe om aan die riglyne/wetgewing te voldoen, waar nodig:

| **Risiko** | **Doelwit/aksie** | **Verantwoor-delike persoon** | **Teiken-datum** | **Afgehandel (datum, paraaf)** |
|---|---|---|---|---|
| Indringerbeheer | • Bepaal tipe, omvang en digtheid van indringerplante. | S. Roos | Sept. 2008 | |
| | • Stel skedule op vir verwydering van indringerplante. | S. Roos | Okt. 2008 | |

**Evaluering van bestuursplan**

Tabel 1B word ingevul om die punt wat onder riglyn 2.2 op Bylae 1 (Evaluasievorm vir die Plaas) ingevul moet word, te verkry. Sien voorbeeld vir die fiktiewe plaas "Skerpdraai" op bl. 20.

**Riglyn 3 "Grond en Terrein"** Hierdie riglyne het betrekking op alle wingerde wat vanaf 2000 aangeplant is. Aanbevelings rakende die geskiktheid van die terrein en grond kan deur 'n onafhanklike kundige gegee word, maar indien jyself die besluit neem, teken dit so aan en gee die redes waarom jy so besluit het (bv. ondervinding van die klimaat, prestasie van ander wingerde op soortgelyke grond/terrein op jou plaas). Klimaatsdata vir jou plaas of omgewing wat vanaf 'n weerstasie of dergelike instansie verkry is, kan dien as 'n klimaatstudie. Profielstudies vir die beplanning en aanbeveling van grondvoorbereiding moet die grond se waterinhoud in ag neem, sodat grond nie op die verkeerde tyd (bv. te nat) bewerk word nie.

- Indien jy aan al die riglyne voldoen en stawende dokumentasie kan wys, word 5 punte toegeken.
- Indien jy aan ongeveer die helfte van die riglyne voldoen, of slegs gedeeltelik aan spesifieke riglyne voldoen, of die voorgeskrewe ontledings/bepalings slegs vir sommige nuwe aanplantings gedoen het, word 2 of 3 punte toegeken.
- Indien jy aan minder as die helfte of geen van die riglyne voldoen en/of geen stawende rekords kan wys nie, word 0 punte toegeken.

**Riglyn 4 "Kultivars"** Hierdie riglyne het betrekking op alle wingerde wat vanaf 2000 aangeplant is. Die doelwit wat met IP nagestreef word, is om gesonde druiwe met minimum insette/inmenging te produseer, daarom word aanbeveel dat kultivars geplant word waar hulle die beste aangepas is. Indien kultivarkeuse in oorleg met die kelderbestuur gemaak is, vra dat hulle die motivering op skrif stel. Indien jyself die keuse gemaak het, skryf neer waarom daardie keuse gemaak is. Aanbevelings van 'n onafhanlike kundige moet ook op skrif beskikbaar wees. Slegs gesertifiseerde materiaal moet gebruik word.

- Indien gesertifiseerde materiaal gebruik is en die kultivar goed by die omgewing aangepas is (en dus minimum insette/inmenging verg), word 5 punte toegeken.
- Indien gesertifiseerde materiaal gebruik is en daar kan bewys word dat alhoewel die kultivar nie baie goed by die omgewing aangepas is nie, gesonde druiwe sonder meer insette/inmenging as met 'n beter aangepaste kultivar geproduseer kan word, word 5 punte ook toegeken.
- Indien gesertifiseerde materiaal gebruik is, maar die kultivar is nie goed aangepas nie en verg meer inmenging (bv. meer besproeiing, bemesting of siektebeheermiddels), word 3 of 2 punte toegeken.
- Indien gesertifiseerde materiaal nie gebruik is nie, maar die kultivar, alhoewel nie baie goed by die omgewing aangepas nie, produseer gesonde druiwe sonder meer insette/inmenging as 'n beter aangepaste kultivar, word 2 punte toegeken. Indien gesertifiseerde materiaal nie gebruik is nie, maar die kultivar is goed by die omgewing aangepas, word 2 punte toegeken.
- Indien gesertifiseerde materiaal nie gebruik is nie en die kultivar is nie goed aangepas nie en verg meer insette (bv. meer besproeiing, bemesting of siektebeheermiddels), word 0 punte toegeken.

**Riglyn 5 "Onderstokke"** Hierdie riglyne het betrekking op alle wingerde wat vanaf 2000 aangeplant is.

- Indien bewys gelewer kan word dat faktore soos aangepasdheid by grondtoestande, groeikrag, bostok kultivar, asook plaag-en siektebestandheid en vorige onderstokke (waar van toepassing) in ag geneem is by onderstokkeuse, hetsy deur jouself of deur 'n ander kundige, en gesertifiseerde materiaal is geplant, word 5 punte toegeken.
- Indien onderstokke nie gebruik is nie en daar kan bewys word dat dit onder die spesifieke toestande die beste opsie was en nie meer ingrypings gaan benodig om gesonde druiwe te produseer nie, kan 5 punte ook toegeken word.
- Indien al die genoemde faktore nie by onderstokkeuse in ag geneem is nie, maar gesertifiseerde materiaal is gebruik, word 3 of 2 punte toegeken. Indien aalwurmbestandheid byvoorbeeld nie in ag geneem is nie en daar moet nou gereeld chemiese beheer vir knopwortelaalwurms toegepas word, word 2 punte toegeken, want daar word nou meer ingryping met gevaarlike middels verlang om gesonde druiwe te produseer.
- Indien die genoemde faktore by onderstokkeuse in ag geneem is, maar gesertifiseerde materiaal is nie gebruik nie, word 2 punte toegeken.
- Indien al die genoemde faktore nie by onderstokkeuse in ag geneem is nie en gesertifiseerde materiaal is nie gebruik nie, word 0 punte toegeken.

**Riglyn 6 "Wingerduitleg en Vestiging"** Hierdie riglyne het betrekking op alle wingerde wat vanaf 2000 aangeplant is. Voldoening aan hierdie riglyne word gemeet aan die doelwit wat met IP nagestreef word, naamlik om gesonde druiwe met minimum insette/inmenging te produseer.

- Indien bewys kan word dat alle nodige faktore by wingerduitleg in ag geneem is en dat aan al die riglyne op wat op jou plaas van toepassing is, voldoen word, word 5 punte toegeken.
- Indien daar aan slegs die helfte van die riglyne voldoen word, word 3 of 2 punte toegeken. Laer punte word gegee indien nie-nakoming van 'n riglyn of riglyne meer ingryping verder in die produksieketting tot gevolg het. Byvoorbeeld: indien nie-nakoming van 'n riglyne tot gevolg het dat meer swamdoders toegedien moet word omdat gunstige toestande vir siekte-ontwikkeling geskep is, behoort slegs 2 punte gegee te word.
- Indien daar aan minder as die helfte van die riglyne voldoen word, word 0 punte toegeken.

**Riglyn 7 "Bewerking"** Hierdie riglyne het betrekking op onderhoudsbewerking van alle wingerde op die plaas. Meganiese bewerking moet net toegepas word soos in die riglyne beskryf. Indien dit volgens die riglyne toegepas word met die nodige dokumentasie/aanbevelings, word jy nie daarvoor gepenaliseer nie. Bossieslaan van onkruid word toegelaat as 'n alternatiewe praktyk tot die gebruik van onkruiddoders. Deklaagbewerking word aanbeveel om die gebruik van beide voor- en na-opkoms onkruiddoders te beperk. Indien deklaagbewerking nie by jou 'n haalbare praktyk is nie, moet dit gemotiveer kan word (bv. klipgrond). Onkruide dien as voedselbron en aanteelplek vir verskeie wingerdplae, bv. kalanders, tydens herfs en winter. Indien hierdie onkruide nie beheer word nie, mag meer ingryping ten opsigte van plaagbeheer later in die seisoen nodig wees.

7.1 Deklaagbewerking

- Indien aan al die riglyne ten opsigte van deklaagbewerking voldoen word, word 5 punte toegeken. Indien voldoende bewys gelewer kan word waarom deklaagbewerking nie by jou haalbaar is nie en jy voldoen aan die riglyne vir bewerking, kan 5 punte ook toegeken word.
- Indien deklaagbewerking nie toegepas word nie, maar 'n "deklaag" van onkruid/natuurlike opslag word met bossieslaan beheer, word 3 punte toegeken.
- Indien deklaagbewerking op die helfte of meer van die plaas toegepas word en daar word aan die riglyne vir bewerking voldoen, word 3 punte toegeken. Minder as die helfte van die plaas onder deklaag-bewerking verdien 2 punte.
- Indien deklaagbewerking nie toegepas word nie en ongemotiveerde skoonbewerking d.m.v. chemiese onkruidbeheer of meganiese bewerking die heersende praktyk op die plaas is, word 0 punte toegeken.

7.2 Onkruiddoderprogram

Hierdie riglyn moet in samehang met Bylaes 2A en 3A ingevul word. Onkruiddoders kan direk skadelik wees vir die mens en omgewing, gevolglik moet die gebruik daarvan streng beperk en opgeteken word. Om Bylae 2A in te vul, **moet** die rekord van onkruiddodertoedienings die volgende inligting bevat: handelsnaam of aktiewe bestanddeel/bestanddele van produk; watter formulasie is gebruik, datum toegedien; watter blokke behandel is, net op bankies of voloppervlak aangewend; dosis [hoeveelheid onkruiddoderformulasie (L) per hektaar toegedien]. 'n Voorbeeld van 'n vorm vir die byhou van spuitrekords word op bl. 26 van hierdie handleiding gegee.

## Invul van Bylae 2A: Evaluasie van Spuitrekord: Onkruiddoders

Die invul van Bylae 2A het ten doel om te bepaal watter punt op Bylae 1 punt 7.2 ingevul moet word. **Onthou dat Bylae 2A 'n opsomming is van die spuitrekords vir die hele plaas, daarom word gevra watter persentasie van die area onder wingerd behandel is. Gaan nou soos volg te werk om die Bylae in te vul:**

In **Bylae 3E word die handelsname van onkruiddoders wat vir wyndruiwe geregistreer en deur AgChem gekodeer is, teenoor hul aktiewe bestanddeel aangegee.** Indien die middel wat jy gebruik het se handelsnaam nie hier en ook nie in die nuutste lys op die webblad verskyn nie, is die betrokke produk moontlik nog nie gekodeer nie. Indien dit reeds gekodeer is, behoort die IP kodering by die verskaffer beskikbaar te wees. 'n Lys met die afkortings vir formulasies van chemiese middels verskyn op bl. 22 van hierdie handleiding. **Die naam en formulasie van die produk word in die eerste kolom van Bylae 2A aangebring.**

**LET WEL:** Alle produkte het 'n IP Koderingspunt van 1, 2, 4 of 8 en word in die volgende kategorieë ingedeel op grond van hul omgewingsrisiko: Lae Risiko (IPK = 1), Medium Risiko (IPK = 2), Medium tot Hoë Risiko (IPK = 4) en Hoë Risiko (IPK = 8).

**Gebruik vervolgens Bylae 3A om die IP Koderingspunt [IPK] van die onkruiddoder wat jy gebruik het, op te soek en bring dit in die tweede kolom [A] aan.** As die middel nie hier voorkom nie, mag dit nie gebruik word nie, tensy die firma 'n bewys aan u kan voorlê dat hul middel intussen geregistreer en gekodeer is. **Let wel** dat elke formulasie van 'n aktiewe bestanddeel afsonderlik gekodeer word. Maak dus seker dat die regte formulasie en IPK op die evaluasievorm aangedui word.

**In die derde kolom [B] word die hoeveelheid aktiewe bestanddeel (kg) wat per hektaar toegedien is, ingevul.** Die hoeveelheid aktiewe bestanddeel in die onkruiddoderformulasie word in Bylae 3A aangedui. Gebruik dit tesame met die hoeveelheid formulasie per hektaar toegedien om te bepaal hoeveel aktiewe bestanddeel (in kg) per hektaar toegedien is.

Die volgende ses kolomme wat almal onder **[C]** val, dui aan hoe die middel toegedien is: net op die bankie, net in die werksry of voloppervlak. Let op dat voor- en na-opkomsmiddels verskillend aangeslaan word. Indien 'n voorapkomsmiddel saam met 'n na-opkomsmiddel toegedien is as deel van 'n anti-weerstandstrategie, word die toediening van elkeen ingevul asof dit aparte toedienings was. Onder kolom **[D]** word die persentasie van die wingerde op die plaas wat met hierdie onkruiddoder behandel is, as 'n desimaal aangegee (m.a.w. 10% = 0.1). Dis nou ongeag of die onkruiddoder voloppervlak, net in die werksry of net op die bankies gespuit is.

Indien die middel binne die bepaling van die riglyne toegedien is, word die punte in kolom **[E]** met een vermenigvuldig. Indien die bepalings van die riglyne nie nagekom is nie, word die punte in kolom **[E]** met 10 vermenigvuldig. Hier moet veral gelet word op die bepalings t.o.v. die gebruik van vooropkomsmiddels. Indien die aanbeveling vir gebruik van 'n vooropkomsmiddel nie deur 'n geakkrediteerde konsultant gemaak is nie, moet die produsent self kan **motiveer** waarom 'n vooropkomsmiddel nodig was, d.w.s. die **spesifieke probleemonkruide of anti-weerstandstrategie** moet geïdentifiseer en op rekord wees om as binne die riglyne te kwalifiseer.

**Die totale punt per toediening is dan bloot:** **A x B x C x D x E** wat na onder gesommeer word.
**Afsnypunte** waarvolgens die totale punt vir die program as "Goed", "Gemiddeld" of "Swak" geklassifiseer en by 7.2 op Bylae 1 aangebring word, **verskyn onderaan Bylae 1 op bl. 18**.

**Enkele ONKRUIDDODER voorbeelde** is vir die plaas "Skerpdraai" uitgewerk – sien Bylae 2A op bl. 23 in die handleiding. Gestel Simazine 500 SC, 'n vooropkomsmiddel, is voloppervlak toegedien aan die begin van die groeiseisoen teen 6 L/ha. Die aktiewe bestanddeel is simazine (Bylae 3E) en IPK van simazine 500 SC is 1 (Bylae 3A) - vul in kolom 1 en kolom [A] in. Die formulasie bevat 500 g aktief/L (Bylae 3A). Teen 6 L/ha werk dit uit op 3 kg aktief/ha toegedien – vul in by kolom [B]. Voloppervlak beteken dit is ook in die werksry toegedien, dus word 5 ingevul in kolom [C]. Gestel slegs 10% van wingerde is hiermee behandel, dan word 0.1 in kolom [D] ingevul. Indien die gebruik binne die riglyne was, soos hierbo verduidelik, word x1 in kolom [E] ingevul. Die totale punt is dus A x B x C x D x E. Gestel dieselfde middel is buite die aanbevelings van die riglyne gebruik, dan word met 10 gemaal in kolom [E]. Die syfers in kursief in die voorbeeld dui aan hoe dit die evaluasie verander.

Vir Sting 180 SL, voloppervlak na bot toegedien teen 3 L/ha, is die aktief Glyphosate iso-propyl ammonium (Bylae 3E), die IPK 2 (Bylae 3A) en die hoeveelheid aktief/ha toegedien 0.54 kg. Die waarde vir kolom C is 2, en vir kolomme D en E is dit 1 en die totale punt vir die toediening is weer A x B x C x D x E.

Preeglone 120/80 SL het twee aktiewe bestanddele, nl. paraquat en diquat (Bylae 3E). Die IPK is 4 en teen 'n dosis van 5L/ha is die totale hoeveelheid aktief per ha toegedien 1kg. Dit is na opkoms op die bankies (x1) in al die wingerde (100% = 1.0), binne die riglyne (x1) toegedien. Die totale punt vir die toediening is weer A x B x C x D x E.

**Riglyn 8 "Voeding"** Hierdie riglyne het betrekking op alle gevestigde wingerde op die plaas. In beginsel moet elke toediening van voedingstowwe, insluitend organiese bemesting, gemotiveer kan word aan die hand van grondontledings, grondgeaardheid en groeikrag van die wingerd. Blaarvoeding behoort slegs op aanbeveling van 'n kundige gedoen te word. Die volgende publikasies kan van hulp wees om die werklike bemestingsbehoefte van u wingerde te bepaal en te verseker dat geen onnodige bemesting toegedien word nie:

*Riglyne vir interpretasie van grondontledingsverslae vir wingerd* deur L.H. van Schoor, W.J. Conradie & P.J. Raath in Wynboer Nr. 136 van November 2000, bl. 14-17.

*Wingerdbemesting* deur W.J. Conradie in die Handelinge van die werksessie oor wingerdbemesting, gehou te Nietvoorbij op 30 September 1994. Verkrygbaar by LNR Infruitec-Nietvoorbij, Stellenbosch.

*Partitioning of Mineral Nutrients and Timing of Fertilizer Applications for Optimum Efficiency* by W.J. Conradie in Proceedings of the Soil Environment and Vine Mineral Nutrition Symposium held in San Diego, California on 29-30 June 2004. Eds L.P. Christensen & D.R. Smart, published by the American Society for Enology & Viticulture.

- Indien alle toedienings op rekord is en aan die hand van grondontledings, grondgeaardheid en groeikrag van die wingerd gemotiveer kan word, die nodige dokumentasie (insluitend die minimum belangrikste kriteria vir grondontledings) beskikbaar is en die grondontleding wys dat daar aanvaarbare grondvoedingstof vlakke is) en daar aan al die riglyne wat op jou plaas van toepassing is, voldoen word, word 5 punte toegeken. Indien jyself aanbevelings maak, teken dit aan met jou redes/motivering.
- Indien daar slegs aan die helfte of meer van die riglyne voldoen word en/of rekords is onvolledig en/of die ontledings toon gebrekkige/toksiese vlakke van voedingstowwe sonder enige korrektiewe aksies of rekords nie beskikbaar is nie, word 3 of 2 punte toegeken.
- Indien geen rekord van toediening van voedingstowwe beskikbaar is of toedienings word bloot op roetinebasis sonder inagneming van groeikrag en behoefte gemaak, word 0 punte toegeken.

**<u>Riglyn 9 “Besproeiing”</u>** Die beginsel is dat water slegs toegedien word waar, wanneer en soveel nodig.

- Indien stawende dokumentasie bewys dat:
    - besproeiing aan die hand van metings (verdampingspanne, tensiometers of neutronvogmeters) geskeduleer word, en
    - aanpassings op goeie oordeel gemaak word, dat die besproeiingstelsel doeltreffende waterverspreiding verseker, dat dit goed in stand gehou word sodat onnodige waterverlies en vermorsing beperk word, en
    - rekords van alle onttrekkings en toedienings beskikbaar is en
    - watergebruiks-doeltreffendheid (WUE) word per blok of kultivar bereken en produsente doelwitte stel om die watergebruiks-doeltreffendheid (WUE) voortdurend te verbeter en
    - die chemiese samestelling van besproeiingswater moet ten minste jaarliks ontleed word (verwys na IPW Riglyne vir kriteria) en die volgende moet in ag geneem word: chemiese samestelling van die grond, die behoefte aan gewasse, die grondsoort, die klimaatstoestande en besproeiingspraktyke om oormatige opbou van 'n spesifieke voedingsstof of sout in die grond te voorkom.
    - word 5 punte toegeken.

- Indien ***geen besproeiing*** toegedien word nie (droëland wingerd), word 5 punte toegeken.

- Indien ***vloedbesproeiing*** toegepas word, maar dit geskeduleer word volgens metings (= behoefte) en maatreëls getref word om onnodige waterverlies en vermorsing te bekamp en rekords van alle onttrekkings en toedienings beskikbaar is, watergebruiks-doeltreffendheid (WUE) word per blok of kultivar bereken en doelwitte word gestel om die watergebruiks-doeltreffendheid (WUE) voortdurend te verbeter en die chemiese samestelling van besproeiingswater word ten minste jaarliks ontleed (verwys na IPW Riglyne vir kriteria) en die volgende word in ag geneem: chemiese samestelling van die grond, die behoefte aan gewasse, die grondsoort, die klimaatstoestande en besproeiingspraktyke om oormatige opbou van 'n spesifieke voedingsstof of sout in die grond te voorkom word 3 punte toegeken.
- Indien besproeiing sonder meting, maar volgens ondervinding en op goeie oordeel toegedien word wanneer die wingerd water benodig, en die stelsel word goed in stand gehou en dit voorsien doeltreffende waterverspreiding, WUE word bereken met doelwitte om te verbeter, en die chemiese samestelling van besproeiingswater word ten minste jaarliks ontleed en daar bewys kan word dat besluite neem chemiese samestelling van die grond, die behoefte aan gewasse, die grondsoort, die klimaatstoestande en besproeiingspraktyke om oormatige opbou van 'n spesifieke voedingsstof of sout in die grond te voorkom in ag, word 2 punte toegeken.

- Indien geen meting gedoen word nie en besproei word op vaste tye soos water beskikbaar is, sonder gebruik van goeie oordeel om aanpassings te maak na gelang van die wingerd se behoefte, of waar geen besproeiingswater ontledings gedoen was nie, word 0 punte toegeken.

**Riglyn 10 "Snoei, stokvorming en prieelstelsel"** Indien snoei en stokvorming nie reg gedoen word nie, kan dit lei tot verdigting, wat weer meer ingryping ten opsigte van loofbestuur asook siekte- en plaagbestuur verg.

Bosstok:

- Indien die keuse van geen oplei voldoende gemotiveer kan word, draers goed rondom die kroon versprei en gespasieër is sodat sonlig effektief benut kan word, die kroon die regte hoogte bo die grondoppervlak is, en wintersnoei korrek (t.o.v. lengte van draers, aantal draeroë in verhouding tot groeikrag van individuele stokke) en netjies (bv. gladheid van snoei) uitgevoer is, word 5 punte toegeken.
- Indien meer as die helfte van die aksies korrek gedoen is of meer as die helfte van die wingerde se snoeipraktyke is korrek gedoen, word 3 of 2 punte toegeken.
- Indien minder as die helfte van die aksies korrek gedoen is of minder as die helfte van die wingerde se snoeipraktyke is korrek gedoen, word 0 punte toegeken.

Opleiwingerd:

- Indien die keuse van opleistelsel gemotiveer kan word (t.o..v aangepastheid van die stelsel by hulpbron, kultivar, spasiëring, snoeipraktyke en besproeiingstelsel), die kordondraad volledig benut word, ontwikkeling van die stokraamwerk gebalanseerd is, draers so eweredig moontlik gespasieër is, en wintersnoei korrek (t.o.v. lengte van draers, aantal draeroë in verhouding tot groeikrag van individuele stokke) en netjies (wegsnoei van swak/dooie draers, gladheid van snoei) uitgevoer is, word 5 punte toegeken.
- Indien meer as die helfte van die aksies korrek gedoen is of meer as die helfte van die wingerde se snoeipraktyke is korrek gedoen, word 3 of 2 punte toegeken.
- Indien minder as die helfte van die aksies korrek gedoen is of minder as die helfte van die wingerde se snoeipraktyke is korrek gedoen, word 0 punte toegeken.

Let Wel: Indien u beide bosstok en opgeleide wingerd op die plaas het, beoordeel die twee groepe apart soos hierbo aangedui en vul dan die gemiddeld op Bylae 1 in. Dit verteenwoordig dan die gemiddelde situasie op die plaas.

**Riglyn 11 "Oes- en Loofbestuur"** Oesbeheer behoort nie nodig te wees indien die regte aantal draeroë tydens snoei toegeken is nie. Loofbestuur het die daarstelling van maksimale effektiewe blaaroppervlakte vir ligbenutting, effektiewe deurlugting, effektiewe siekte- en plaagbestuur, asook onbelemmerde bewerking in rye ten doel. Loofbestuur moet op die regte tyd uitgevoer word, anders is dit nie meer doeltreffend nie.

- Indien kultivar, groeikrag, prieelstelsel, ens. nie lowerbestuur vereis nie en daar nie verdigting voorkom nie, word 5 punte toegeken.
- Indien loofbestuur (suier, tip/top, lote insteek, blare en/of sylote verwyder) korrek en op die regte tyd uitgevoer is sodat daar nie lowerverdigting voorkom nie, word 5 punte toegeken.
- Indien loofbestuur (suier, tip/top, lote insteek, blare en/of sylote verwyder) meestal korrek en meestal op die regte tyd uitgevoer is, maar tekens van verdigting hier en daar voorkom waar alles nie korrek of tydig gedoen is nie, word 3 of 2 punte toegeken.
- Indien loofbestuur nie toegepas is waar dit nodig was nie, of dit is op die verkeerde tyd of wyse gedoen sodat dit nie doeltreffend was nie en lowerverdigting het gelei tot hoër siektedruk (en meer bespuitings) of probleme met rypwording van druiwe, word 0 punte toegeken.

**Riglyn 12 "Groeistimulante"** Kultivars en klone wat ideaal by hul omgewing aangepas is, behoort nie groeistimulante te benodig nie. Gebruik streng volgens voorskrifte van registrasie, indien dit werklik nodig is.

- Indien geen groeistimulante toegedien is nie, word 5 punte toegeken.
- Indien toegelate groeistimulante volgens voorskrif in die riglyne toegedien is, word 3 punte gegee.
- Indien nie-toegelate produkte gebruik is, of toegelate middels is gebruik waar nie regtig nodig of buite voorskrifte vir registrasie, word 0 punte gegee.

**<u>Riglyn 13 :Geïntegreerde Plaagbestuur”</u>.** Omdat chemikalieë wat gebruik word om siektes en plae te bestry direk skadelik kan wees vir die mens en omgewing, moet ‘n progam van geïntegreerde plaagbestuur (GPB) gevolg word. Lees die riglyne vir elke plaag en siekte wat op jou plaas voorkom, deeglik deur. **<u>Let op dat daar by elke plaag en elke siekte twee afdelings, te wete monitering en beheer is. Hier lees ‘n mens dus hoe die moniteringsaksie toegepas moet word voordat tot beheer oorgegaan word, en hoe beheer moet word om binne IP riglyne te val</u>.**

<u>13.1 Monitering</u>: word dus ingevul op grond van die mate waartoe die moniteringsaksies soos in die riglyne voorgesryf, op die plaas deur rekords gestaaf word.

- Indien plae wat gereeld op die plaas voorkom volgens die voorskrifte in die riglyne gemoniteer is en sulke rekords beskikbaar is, word 5 punte toegeken.
- Indien geen plae voorgekom het nie en daar dus ook geen plaagdoders toegedien is nie, word 5 punte ook toegeken.
- Indien voorgeskrewe monitering slegs gedoen is vir sommige van die plae waarvoor beheer toegedien is, word 3 of 2 punte toegeken.
- Indien geen monitering gedoen is nie, maar plaagbeheermiddels is wel vir een of meer plae toegedien, word 0 punte toegeken.

<u>13.2 Praktyke</u>: Dit verwys na daardie praktyke soos taai sperbande, giftige lokaas of stambehandelings wat in plaas van chemiese dekbespuitings gebruik word en wat dus minder negatiewe impak op die omgewing het. Bestryding van onkruidgashere wat die voorkoms van plae bevoordeel, kan ook as ‘n IPM-praktyk gereken word.

- Indien alle beskikbare alternatiewe tot volle dekbespuitings vir die plae wat op die plaas voorkom, oral waar moontlik gebruik is, word 5 punte toegeken.
- Indien alternatiewe slegs vir die helfte of meer van die plae wat voorgekom het, gebruik is, word 3 punte toegeken.
- Indien alternatiewe vir minder as die helfte van die plae wat voorgekom het, gebruik is, word 2 punte toegeken.
- Indien geen alternatiewe vir enige van die plae wat voorgekom het, gebruik is nie, word 0 punte toegeken.

<u>13.3 Spuitprogram</u>: Hierdie punt is die heel belangrikste van almal. Soos gesien kan word, word dit met met 10 gemaal en kan dus met ‘n baie beperkte spuitprogram sommer 50 bonuspunte oplewer, maar dan moet dit deur volledige spuitrekords gerugsteun word. **<u>Die punt wat hier gegee word, word direk afgelei van die finale punt wat by die EVALUASIE VAN SPUITREKORD (Bylae 2B & C) uitgewerk is.</u>**

## <u>Invul van Bylae 2B: Evaluasie van Spuitrekord: Plaagdoders en Aalwurmdoders, en Bylae 2C: Evaluasie van Spuitrekord: Swamdoders</u>

**Onthou dat Bylae 2B & 2C ‘n <u>opsomming</u> is van die spuitrekords vir die hele plaas, daarom word gevra watter persentasie van die area onder wingerd behandel is.**

Spuitrekords **moet** die volgende inligting bevat, anders kan die evaluasie en punteberekening nie gedoen word nie: handelsnaam of aktiewe bestanddeel/bestanddele van produk; watter formulasie gebruik is, datum en tyd van groeiseisoen toegedien; watter blokke behandel is, dosis (hoeveelheid produk per 100 L water) gebruik; spuitvolume (L) per hektaar (hoeveelheid tenkmengsel/ha) toegedien. ‘n Voorbeeld van ‘n vorm vir die byhou van spuitrekords word op bl. 27 van hierdie handleiding gegee.

**<u>Die invul van hierdie bylaes het een doel en dit is om te bepaal wat die punt is wat op Bylae 1 punt 13.3 ingevul moet word</u>**. Die Evaluasie van Spuitrekords is ‘n penalisasiepuntstelsel met afsnypunte wat onderaan Bylae 1 gegee word en soos volg ingevul word:

**<u>Bylae 2B & 2C het sewe afdelings:</u>** ‘n kolom vir die invul van die **<u>Produk</u>** wat gespuit was; die **<u>IP kodering van die produk [A]</u>**, die **<u>Kodering van die toedieningsmetode [B]</u>**, die **<u>Stadium van Seisoen [C]</u>**, die **<u>% Wingerd behandel [D]</u>**, die **<u>Buite Riglyne [E]</u>** penalisasie en die **<u>Punt per toediening [AxBxCxDxE]</u>**. Jou volledige spuitprogram kan nou op die vorm aangebring word deur soos volg te werk te gaan. **<u>Let op dat alle produkte vir die beheer van Plae, Siektes en Aalwurms, insluitend mierbeheer op die grond, op die Evaluasievorms ingevul moet word.</u>**

**LET WEL:** Alle produkte het 'n **IP Koderingswaarde (Bylae 3B, 3C & 3D)** van 1, 2, 4 of 8 en word in die volgende kategorieë ingedeel op grond van hul inherente omgewingsrisiko: Lae Risiko (IPK = 1), Medium Risiko (IPK = 2), Medium tot Hoë Risiko (IPK = 4) en Hoë Risiko (IPK = 8).

**BELANGRIK! Elke formulasie van 'n aktiewe bestanddeel word afsonderlik gekodeer, dus moet jy op jou spuitrekord invul watter formulasie gebruik is, bv. benatbare poeier (WP = wettable powder) of suspensie-konsentraat (SC = suspension concentrate), ens.** Die IP koderingswaardes word dan ook spesifiek vir elke formulasie aangegee in Bylae 3B, C & D.

**BELANGRIK! Kodering van toedieningsmetode**: 'n Koderingswaarde is in **Bylae 3F** aan die verskillende toedieningsmetodes toegeken, op grond van die risiko wat dit vir omgewingsbesoedeling inhou [die mate waartoe nie-teiken organismes en natuurlike vyande in die wingerd aan die middel blootgestel word en die risiko vir wegdryf van spuitnewels (spray drift), wat blootstelling van mense buite die wingerd aan spuitmiddels insluit].

**Let daarop** dat na-oes toedienings van insekdoders swaarder gepenaliseer word (X4) as na-oes toedienings van swamdoders (X2), aangesien die insekdoders meer skadelik vir natuurlike vyande is, wat juis dan hul hoogste populasievlakke bereik.

**Bylae 2B:** Ons het op die fiktiewe plaas Skerpdraai in die voorbeeld op bl. 24 **Dursban 750 WG** (aktief chlorpyrifos uit Bylae 3E en met 'n IPK van 4 volgens Bylae 3B) **met handstange gespuit voor bot (koderingswaarde 2 vir toedieningsmetode volgens Bylae 3F) op 10% van die plaas**. Die middel is dus binne IP riglyne gebruik. **Kyk hoe die voorbeeld ingevul is.** Verder is daar ook Nemacur EC (aktief fenamiphos uit Bylae 3E met IPK van 4 volgens Bylae 3D en toedieningskodering van 3 volgens Bylae 3F op 30% van die plaas toegedien. Dedevap (aktief dichlorvos, met IPK 8) is na oes op 15% van die wingerd gespuit (toedieningskodering van 4 volgens Bylae 3F).

**Bylae 2C:** Gestel **Dithane M-45** is in die voorbeeld op bl. 25 gespuit. Dithane M-45 se aktiewe bestanddeel is mancozeb (Bylae 3E). Vul nou die naam en formulasie van die produk in die eerste kolom van Bylae 2C in. Die IPK van mancozeb is 1 (Bylae 3C) en word in die tweede kolom ingevul. Vul nou die koderingswaarde vir die toedieningsmetode (Bylae 3F) in die derde kolom in. In die volgende kolom word die Stadium van die seisoen **[C]** wat die toediening gemaak is, ingevul. In die volgende kolom moet jy bloot die **% van jou wingerd wat jy gespuit het,** invul. Bepaal of jy **Buite Riglyne** is [E] of nie – neem voorskrifte van die riglyne in ag.

**Die punt per toediening is dan bloot: A x B x C x D x E** wat dan na onder gesommeer word (Kyk weer na die Voorbeeld Skerpdraai). Afsnypunte waarvolgens die totale punt vir die program as "Goed", "Gemiddeld" of "Swak" geklassifiseer en by 13.3 op Bylae 1 aangebring word, word onderaan Bylae 1 op bl. 18 gegee.

**'n Verdere spuit Mancozeb** wat "Na-oes tot blaarval" toegedien is, kan dan op dieselfde wyse aangebring en bereken word deurdat 'n 2, soos aangedui, ingeskryf word onder "Stadium van Seisoen" en **A x B x C x D x E** dan weer bereken word..

**Drie verdere middels**, te wete Cupravit WP (Copper oxychloride met 'n IPK van 2 volgens Bylae 3C), Quadris 500 WG (Azoxystrobin met 'n IPK van 1) en Benatbare swawel 800 WP (Wettable Sulphur met 'n IPK van 2) is in ons fiktiewe spuitprogram gebruik (Koderingswaarde 1 vir toedieningsmetode volgens Bylae 3F). Let op hoe hierdie middels ingevul en verder verreken is in die Skerpdraai voorbeeld.

**TOTAAL VIR SPUITPROGRAM**

Die totale vir Bylaes 2B en 2C word bymekaar getel om die totaal vir die spuitprogram te verkry. Volgens die afsnypunte word die Spuitprogam as "Goed" geklassifiseer, dus kan 'n bonuspunt van 5 by 13,3 by "Spuitprogram" op Bylae 1 ingevul word. Bylae 1 kan nou soos in die voorbeeld klaargemaak word deur die 5 wat by 13.3 ingevul is, met 10 te maal en 50 regs in te skryf**.**

**Riglyn 14 "Hantering van Chemikalieë"** Voorskrifte word deur wetgewing bepaal en is nie onderhandelbaar. 'n Kontrolelys (Tabel 2) wat die spesifikasies vir gifstore, die hantering en toediening van chemikalieë en die wegdoen van leë houers volgens SANS 10206 opsom, verskyn op bl. 28 in hierdie

Handleiding. Vir verdere inligting raadpleeg die *Guidelines for handling, storage and disposal of agrochemicals in the South African wine industry* op Winetech se webblad [www.winetech.co.za]. **Gebruik die kontrolelys (Tabel 2) om u plaas soos hieronder aangedui, te evalueer**:

<u>14.1 Stoor vir chemikalieë</u>: Aangesien die spesifikasies deur wetgewing bepaal word, word slegs 0 of 5 punte toegeken.

- Indien aan alle voorskrifte vir die stoor voldoen word, word 5 punte toegeken.
- Indien daar aan enige van die voorskrifte nie voldoen word nie, word 0 punte toegeken

<u>14.2 Volmaakpunte:</u>

- Indien al die volmaakpunte aan alle voorskrifte voldoen word, word 5 punte toegeken.
- Indien minstens een volmaakpunt aan al die vereiste voldoen, maar die ander volmaakpunte voldoen nie, word 2 punte toegeken.
- Indien geen van die volmaakpunte aan die voorskrifte voldoen word nie, word 0 punte toegeken

<u>14.3 Mediese ondersoeke & rekords</u>

- Indien die voorgeskrewe mediese ondersoeke gedoen is en jaarliks gedoen word, en voorgeskrewe rekords word gehou, word 5 punte toegeken.
- Indien jaarlikse mediese ondersoeke gedoen word, maar voorgeskrewe rekords is nie gehou nie, word 2 punte toegeken.
- Indien geen van hierdie voorskrifte nagekom is nie, word 0 punte toegeken.

<u>14.4 Opleiding van spuitoperateurs</u>

- Indien opleiding in veilige hantering en basiese noodhulp gedoen is en sertifikate as bewys gelewer kan word, word 5 punte toegeken.
- Indien opleiding in veilige hantering gedoen is en sertifikate kan as bewys gelewer word, maar noodhulpopleiding ontbreek, word 3 punte toegeken.
- Indien geen formele opleiding gedoen is en/of geen sertifikate kan as bewys gelewer word nie, word 0 punte toegeken.

<u>14.5 Beskermende toerusting & wasgeriewe:</u> die veiligheid van werkers mag onder geen omstandighede ondergeskik aan operasionele vereistes geag word nie.

- Indien beskermende toerusting en wasgeriewe aan al die vereistes voldoen, word 5 punte toegeken.
- Indien beskermende toerusting aan al die vereistes voldoen, maar nie wasgeriewe nie, word 3 punte toegeken.
- Indien beskermende toerusting en wasgeriewe aan minder as die helfte van die vereistes voldoen, word 0 punte toegeken.

<u>14.6 Wegdoen van leë houers en ou middels</u>

- Indien wegdoening in ooreenstemming met voorskrifte geskied, word 5 punte toegeken.
- Indien wegdoening nie volgens voorskrifte geskied nie en/of houers word op die plaas verbrand, word 0 punte toegeken.

<u>**Riglyn 15 "Rekordhouding"**</u> Die IPW-Skema en die evalueringstelsel se geloofwaardigheid word grotendeels deur rekordhouding bepaal. Alle punte wat toegeken word, moet waar nodig deur dokumentasie gestaaf kan word. Rekords moet vir inspeksie en verifikasie toeganklik wees.

- Indien alle voorgeskrewe rekords bygehou en beskikbaar is, word 5 punte toegeken.
- Indien die helfte of meer van die rekords bygehou en beskikbaar is, word 2 of 3 punte toegeken.
- Indien minder as die helfte van die voorgeskrewe rekords bygehou en beskikbaar is, word 0 punte toegeken.

<u>**Skerpdraai se punte op Bylae 1 wat na regs oorgedra is, tel dan op na 220 wat meer is as die 180 slaagpunt en die plaas dus nou vir IPW laat kwalifiseer**</u>.

IPW EVALUASIEVORM: PLAAS **VOORBEELD; SKERPDRAAI** BYLAE 1

| Evaluasie per item volgens riglyne | Goed 5 | Gemiddeld 3-2 | Swak 0 | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1 IPW opleiding | 5 | | | 5 |
| 2 Plaas en wingerdomgewing<br>2.1 Gebruik Tabel 1A om die punt uit 60 te bereken | | | | 46 |
| 2.2 Gebruik Tabel 1B om die punt uit 30 te bereken (slegs indien natuurlike gebiede op plaas bewaar moet word) | | | | 24 |
| 3 Grond en terrein | | 2 | | 2 |
| 4 Kultivars | 5 | | | 5 |
| 5 Onderstokke | 5 | | | 5 |
| 6 Wingerduitleg | | 3 | | 3 |
| 7 Bewerking | | | | |
| 7.1 Deklaagbewerking | | | 0 | 0 |
| 7.2 Onkruiddoderprogram (Bylae 2A) [X2] | 5 | | | 10 |
| 8 Voeding [X2] | | 3 | | 6 |
| 9 Besproeiing | | 3 | | 3 |
| 10 Stokontwikkeling & prieëlstelsels | 5 | | | 5 |
| 11 Oes- en loofbestuur | | 3 | | 3 |
| 12 Groei reguleerders | 5 | | | 5 |
| 13 Geïntegreerde Plaagbestuur [IPM] | | | | |
| 13.1 Monitering [X2] | | 2 | | 4 |
| 13.2 Praktyke [X2] | | 2 | | 4 |
| 13.3 Spuitprogram (Bylae 2B & C) [X10] | 5 | | | 50 |
| 14 Hantering van chemikalieë<br>*Gebruik kontrolelys in handleiding.* | | | | |
| 14.1 Stoor vir chemikalieë [X2] | 5 | | | 10 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14.2 Volmaakpunte [X2] | 5 | | | 10 |
| 14.3 Opleiding van spuitoperateurs [X2] | | | 0 | 0 |
| 14.1 Beskermende toerusting [X2] | | 3 | | 6 |
| 14.5 Voorgeskrewe mediese ondersoeke [X2] | | | 0 | 0 |
| 14.6 Wegdoen van leë houers, ou middels [X2] | 5 | | | 10 |
| 15 Rekordhouding [X2] | | 2 | | 4 |
| **TOTAAL UIT 270 (Slegs Tabel 1A ingevul)** | | | | |
| **TOTAAL UIT 300 (Beide Tabel 1A & B ingevul)** | | | | 220 |

Slaagpunt: Plase sonder natuurlike areas: Minimum 176 punte uit 270 [≥65 %]
Plase met natuurlike areas: Minimum 195 punte uit 300 [≥65 %]

## AFSNYPUNTE VIR EVALUASIE VAN SPUITREKORS

### Bylae 2A: Onkruiddoders

0-10 = Goed, i.e. 5 punte oorgedra na riglyn 7.2 in Bylae 1
11-20 = Gemiddeld, i.e. 2-3 punte oorgedra na riglyn 7.2 in Bylae 1
>20 = Swak, i.e. 0 punte oorgedra na riglyn 7.2 in Bylae 1

### Bylae 2B & C: Insekdoders, aalwurmdoders & siektebeheermidels

0 – 50 = Goed, i.e. 5 punte oorgedra na riglyn 13.3 in Bylae 1
51 – 100 = Gemiddeld, i.e. 2-3 punte oorgedra na riglyn 13.3 in Bylae 1
>100 = Swak, i.e. 0 punte oorgedra na riglyn 13.3 in Bylae 1

Hiermee word bevestig dat die evaluasievorms volgens voorskrif voltooi en ingehandig word, tesame met aksieplanne indien daar nie voldoen word aan een of meer van die vereistes vir kwalifikasie vir 'n IPW sertifikaat onder 2.3 van Afdeling D genoem nie.

*Skerpdraai*
Plaas se naam

Sawis Lid Nommer

Produsent se naam

Handtekening

Datum

# VOORBEELD; SKERPDRAAI

**TABEL 1. EVALUASIE VIR BEWARING EN BESTUUR VAN PLAAS EN WINGERDOMGEWING**

**<u>Tabel 1A moet deur alle plase ingevul word</u>**

| **TABEL 1A. Omgewingsbestuur van boerdery-aktiwiteite** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **Ja (1)** | **Nee (0)** | **Totaal** | |
| **1. Het u 'n omgewingsbestuurplan vir die plaas (boerdery-aktiwiteite)? X3** | 1 | | 3 | |
| **2. Word aksieplanne uitgevoer en doelwitte bereik? X3** | | 0 | 0 | |
| 3. Word stormwater vanaf geboue en paaie sodanig herlei dat erosie van grond & rivierwalle, en toeslik van vleilande voorkom word? **X1** | 1 | | 1 | |
| 4. Is alle watergebruik (bv. boorgate, damme/keerwalle, onttrekking uit rivier, modifikasie van rivieroewers) geregistreer by of gemagtig deur Dept. van Water en Sanitasie? **X5** | 1 | | 5 | |
| 5. Doeltreffende gebruik van water: word maatreëls toegepas sodat besproeiing & huishoudelike gebruik nie onnodig water mors nie? **X1** | 1 | | 1 | |
| 6. Waterkwaliteit – is voorsorg getref dat rioolstelsels en stormwater nie kwaliteit van waterbronne benadeel nie? **X1** | 1 | | 1 | |
| **Voldoen u aan die riglyne en is voorsorgmaatreëls, praktyke of prosedures in plek om die volgende risiko's aan te spreek?** | **Ja (1)** | **Nee (0)** | **NVT (1)** | **Tot** |
| 7. Het u voldoende bufferstroke vir natuurlike plantegroei langs waterlope en rondom damme gelaat om bv. verspoeling te voorkom? **X2** | 1 | | | 2 |
| 8. Het u enige plaasdamme verbeter/vergroot om hul waarde as habitat vir wildlewe te verhoog (bv. aanplant van inheemse plante op walle, hervestiging van inheemse visspesies)? Enige veranderinge aan plaasdamme moet goedgekeur word deur die Dept. van Water en Sanitaise. **X1** | | 0 | | 0 |
| 9. Word probleemdiere en huishoudelike plae (rotte, muise, ens) op 'n omgewingsvriendelike wyse beheer/bestuur volgens metodes aanvaarbaar vir bewaringsorganisasie soos CapeNatur en WWF? **X1** | | | 1 | 1 |
| 10. Effek van habitatversteuring op wildlewe – is korridors tussen wingerd-blokke gelaat/gevestig, enige aksies om effek te mitigeer bv. opsit van pale en platvorms vir roofvoëls, neskaste vir uile of vlêrmuise? **X2** | | 0 | | 0 |
| 11. Voldoen opberging van brandstof (brandstoftenk) aan riglyne? **X5** | 1 | | | 5 |
| 12. Voldoen wegdoening van huishoudelike en ander vaste afval (bv. ou olie, oliefilters, batterye, skrootyster) aan riglyne & wetgewing? **X5** | | 0 | | 0 |
| 13. Word enige afval herwin of gestuur vir herwinning? **X3** | 1 | | | 3 |
| 14. Word indringerspesies (verklaarde onkruid) in/om wingerd, boorde, landerye & woning volgens 'n plan en aanbevole metodes beheer? **X5** | 1 | | | 5 |
| 15. Is maatrëels/praktyke in plek om lug- en geraasbesoedeling deur implemente en masjinerie te verminder/beperk (gereelde diens en onderhoud van kompressors, voertuie, ander masjinerie)? **X1** | 1 | | | 1 |
| 16. Is voorsiening gemaak vir die impak van toerisme op die infrasruktuur en omgewing? **X1** | | | 1 | 1 |
| 17. Het die plaas 'n brandplan en is al die prioriteitsareas vir brandgevaar geïdentifiseer? **X2** | 1 | | | 2 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18. Is daar voldoende brandbestrydingstoerusting op die plaas beskikbaar wat gereeld in stand gehou word? **X2** | 1 | | | 2 |
| 19. Is u lid van 'n Brandbestrydingsvereniging? **X1** | | 0 | | 0 |
| 20. Word risiko's van ander aktiwiteite (bv. melkery, steengroef, ens.) voldoende aangespreek en word aan toepaslike wetgewing voldoen? **X2** | | 0 | | 0 |
| 21. Word rekord gehou van brandstofgebruik en gereelde instand-houding en diens van implemente en masjinerie? Is maatreëls in plek om brandstof-gebruik te beperk? **X4** | 1 | | | 4 |
| 22. Word rekord gehou van energieverbruik (elektrisiteit, gas, ens.)? Is maatrëels in plek om verbruik te beperk/meer doeltreffend te maak? **X4** | 1 | | | 4 |
| 23. Ontwikkeling & uitbreiding: is nodige permitte en/of hersonering verkry, is vereiste impakstudies gedoen? **X5** | | | 1 | 5 |
| **Bonuspunte (sien Nota 1)** | | | | |
| **TOTAAL vir Tabel 1A [punt uit 60 - dra oor na Bylae 1 (IPW evaluasievorm)]** | | | | 46 |

**Tabel 1B. Bewaring en bestuur van natuurlike gebiede**

| *2.2.1 Bedreigde Ekosisteme* | **Ja (1)** | **Nee (0)** | **NVT (1)** | **Tot** |
|---|---|---|---|---|
| 1. Het u ploegpermitte vir alle ontwikkeling van ongerepte veld? **(Nota:** sien regulasies onder 2.2.1 *Bedreigde ekosisteme*). **X5** | | | 1 | 5 |
| 2. Het u die bewaringswaarde van die plaas se natuurlike habitatte ondersoek (bv. plant- of spesie-opname deur 'n spesialis, ens.)? **X1** | | 0 | | 0 |
| 3. Het u 'n omgewings- of bewaringsbestuursplan/-beleid vir die natuurlike areas opgestel? (Sien IPW Handleiding). **X3** | 1 | | | 3 |
| 4. Word aksieplanne uitgevoer en doelwitte bereik? **X1** | 1 | | | 1 |
| 5. Geniet die natuurlike gebiede enige vorm van formele beskerming (bv. Bewarea, Spesiale Bestuursgebied, Privaat Natuurreservaat)? **X1** | | 0 | | 0 |
| *2.2.1 Riviere en Vleilande* | | | | |
| 6. Is voldoende buffersones/-stroke langs riviere en vleilande gelaat? **X2** | 1 | | | 2 |
| 7. Is die vloei van alle rivierlope en waterbronne wat vleilande voed nog in 'n natuurlike/oorspronklike toestand? **X3** | 1 | | | 3 |
| 8. Het u enige natuurlike akwatiese habitat (rivieroewers, vleilande) verbeter/ vergroot om hul waarde as wildlewe habitat te verhoog (bv. uitheemse plante verwyder, rehabilitasie van riveroewers met inheemse plante)? **X2** | | 0 | | 0 |
| 9. Is die vleilande op die eiendom nog in 'n natuurlike toestand? **X2** | 1 | | | 2 |
| *2.2.2 Uitheemse Indringerspesies* | | | | |
| 10. Het u al begin met verwydering van indringerspesies? **X2** | 1 | | | 2 |
| 11. Het u 'n skedule of plan vir die verwydering van indringerplante, of minstens 'n rekord van areas wat reeds skoongemaak is? **X1** | | 0 | | 0 |
| 12. Word indringers verwyder volgens aanbevole metodes en met aanbevole onkruiddoders teen korrekte dosisse en volgens voorgeskrewe voorsorgmatreëls? (sien riglyne). **X1** | 1 | | | 1 |
| 13. Het u al probeer om indringergrasse the beheer, of het u al probeer om ander uitheemse spesies, buiten bome (bv. Mallard eende, wilde varke, baars, forel) te beheer of te verwyder? **X1** | | | 1 | 1 |
| *2.2.3 Brandbestryding in natuurlike areas* | | | | |
| 14. Is daar 'n brandplan vir veldbrande in die natuurlike areas en is brandbestrydingstoerusting voldoende vir veldbrande? **X2** | 1 | | | 2 |
| 15. Het enige plaaswerkers formele opleiding in brandbestryding? **X1** | 1 | | | 1 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16. Verleen brandbane/-paaie voldoende toegang tot natuurlike gebiede en is al die prioriteitsareas vir brandgevaar geïdentifiseer? **X1** | 1 | | | 1 |
| 17. Is die veldouderdom bekend en bestaan daar 'n plan (wat korrekte brandfrekwensie en seisoen insluit) vir beheerde brande? **X1** | | 0 | | 0 |
| **Bonuspunte (sien Nota 2)** | | | | |
| **TOTAAL vir Tabel 1B [punt uit 30 - dra oor na Bylae 1 (IPW evaluasievorm)]** | | | | 24 |

**NOTA 1:** **Bonuspunte** (maksimum 2 punte) kan in Tabel 1A toegeken word indien rekords vir brandstof- en ander energieverbruik (elektrisiteit) gebruik word om die plaas se koolstofvoetspoor met behulp van die berekenaar ("Carbon calculator") op die IPW webblad te bereken.

**NOTA 2:** **Bonuspunte** (maksimum 2 punte) kan in Tabel 1B vir die volgende toegeken word: Jy het uit jou pad gegaan om biodiversiteit te bewaar of het innoverende beste omgewingspraktyke geïmplementeer (bv. herwin-ningsprogramme vir alle plaasafval, omgewingsonderrig aktiwiteite vir plaaswerkers of skole, vestig 'n kwekery vir inheemse plante of 'n herbarium, ens.). 'n **Geskrewe motivering** moet beskikbaar wees om die toekenning van bonuspunte te staaf.

## AFKORTINGS VAN FORMULASIES – Lees saam met Bylae 3
## ABBREVIATIONS FOR FORMULATION TYPES – Read with App. 3

| | | |
|---|---|---|
| Stuifpoeier | **DP** | Dusting powder |
| Emulsifieerbare konsentraat | **EC** | Emusifiable concentrate |
| | | |
| Oplosbare konsentraat | **SL** | Soluble concentrate |
| Wateroplosbare poeier | **SP** | Water soluble powder |
| | | |
| Korrels | **GR** | Granules |
| Tablette | **TB** | Tablets |
| Lokaas reg vir gebruik | **RB** | Ready to use bait |
| Korrel lokaas | **GB** | Granular bait |
| | | |
| Kapsule suspensie | **CS** | Capsule suspension |
| Emulsie, olie in water | **EW** | Emulsion, oil in water |
| Suspensie konsentraat | **SC** | Suspension concentrate |
| Benatbare poeier | **WP** | Wettable powder |
| | | |
| Water oplosbare korrels | **WG** | Water dispersible granule |

**EVALUASIE VAN SPUITREKORD: ONKRUIDDODERS**

**Voorbeeld: Skerpdraai**

**BYLAE 2A**

| **NAAM EN FORMULASIE VAN PRODUK/AKTIEF** | **IP KODE-RING *[A]*** | **Aktief (kg) per hektaar toegedien *[B]*** | **TOEDIENINGSWYSE *[C]*** | | | | | | **% van wingerd-area behandel *[D]**** | **Buite riglyne X10 *[E]*** | **Punt per Toediening *[A x B x C x D x E]*** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | **Vooropkomsmiddels** | | | **Na-opkomsmiddels** | | | | | |
| | | | **Bankie [X2]** | **Werksry [X3]** | **Voloppv. [X5]** | **Bankie [X1]** | **Werksry [X1]** | **Voloppv. [X2]** | | | |
| SIMAZINE 500 SC (6 L/ha) simazine | **1** | **3.0** | | | **5** | | | | **0.1** | **1** | **1.5** |
| *SIMAZINE 500 SC (6 L/ha) simazine* | ***1*** | ***3.0*** | | | ***5*** | | | | ***0.1*** | ***10*** | ***15*** |
| STING 180 SL (3 L/ha) glyphosate | **2** | **0.54** | | | | | | **2** | **1** | **1** | **2.16** |
| PREEGLONE 120/80 SL (5 L/ha) Paraquat + diquat | **4** | **1.0** | | | | **1** | | | **1** | **1** | **4** |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| **TOTAAL VIR SPUITPROGRAM** | | | | | | | | | | | **7.66** ***21.16*** |

**AFSNYPUNTE: 0-10 = Goed, i.e. 5 punte**
**11-20 = Gemiddeld, i.e. 2-3 punte**
**>20 = Swak, i.e. 0 punte**

* % area uitgedruk as 'n desimaal, d.w.s. 100% = 1.0 en 10% = 0.1

**Voorbeeld: Skerpdraai**

**EVALUASIE VAN SPUITREKORD: PLAAG- EN AALWURMDODERS** **BYLAE 2B**

| NAAM EN FORMULASIE VAN PRODUK/AKTIEF | IP KODE-RING *[A]* | KODERING VAN TOEDIENGS-METODE *[B]* | STADIUM VAN SEISOEN *[C]* | | | % wingerd area behandel *[D]** | Buite riglyne X10 Binne riglyne X1 *[E]* | Punt per Toediening [*AxBxCxDxE*] |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Na-oes tot blaarval [X4] | Blaarval tot volblom [X1] | Volblom tot Oes [X2] | | | |
| DURSBAN 750 WG (3000 L/ha) chlorpyrifos | 4 | 2 | | 1 | | 0.1 | 1 | 0.8 |
| NEMACUR 400 EC (2,5 ml/$m^2$) fenamiphos | 4 | 3 | | 1 | | 0.3 | 1 | 3.6 |
| DEDEVAP 1000 EC (1000 L/ha) dichlorvos | 8 | 4 | 4 | | | 0.15 | 1 | 19.2 |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| **TOTAAL VIR PLAAGDODER SPUITPROGRAM** | | | | | | | | **23.6** |

* % area uitgedruk as ‘n desimaal, d.w.s. 100% = 1.0 en 10% = 0.1

**Voorbeeld: Skerpdraai**

**EVALUASIE VAN SPUITREKORD: SIEKTEBEHEERMIDDELS** **BYLAE 2C**

| NAAM EN FORMULASIE VAN PRODUK/AKTIEF | IP KODE-RING *[A]* | KODERING VAN TOEDIENGS-METODE *[B]* | STADIUM VAN SEISOEN *[C]* | | | % wingerd area behandel *[D]** | Buite riglyne X10 Binne riglyne X1 *[E]* | Punt per Toediening [*AxBxCxDxE*] |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Na-oes tot blaarval [X2] | Blaarval tot volblom [X1] | Volblom tot Oes [X2] | | | |
| DITHANE M-45 800 WP (500 L/ha) mancozeb | 1 | 1 | | 1 | | 1 | 1 | 1 |
| QUADRIS 500 WG (1000 l/HA) azoxystrobin | 1 | 1 | | | 2 | 1 | 1 | 2 |
| DITHANE M-45 800 WP (1000L/ha) mancozeb | 1 | 1 | 2 | | | 1 | 1 | 2 |
| CUPRAVIT 850 WP (1000 L/ha) koperoksichloried | 2 | 1 | 2 | | | 1 | 1 | 4 |
| BENATBARE SWAWEL 800 WP (1000 L/ha) | 2 | 1 | 2 | | | 1 | 1 | 4 |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| **TOTAAL VIR SWAMDODERPROGRAM (Bylae 2C)** | | | | | | | | **13** |
| **TOTAAL VIR PLAAGDODERPROGRAM (Bylae 2B)** | | | | | | | | **23.6** |
| **TOTAAL VIR SPUITPROGRAM** | | | | | | | | **36.6** |

**AFSNYPUNTE: 0 – 50 = Goed, i.e. 5 punte**
**51 – 100 = Gemiddeld, i.e. 2-3 punte**
**>100 = Swak, i.e. 0 punte**

% area uitgedruk as ‘n desimaal, d.w.s. 100% = 1.0 en 10% = 0.1

**VOORBEELD: SPUITREKORD VIR ONKRUIDDODERS**

| Blok nommer/naam | Grootte (ha) | Blok nommer/naam | Grootte (ha) | Blok nommer/naam | Grootte (ha) |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | Totale area onder wingerd | |

| DATUM | BLOK/-KE BEHANDEL | PRODUK | FORMULASIE | DOSIS (L of Kg/HA) | METODE TOEGEDIEN* | DOEL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

* Net op bankie toegedien, net in werksry of voloppervlak.

**VOORBEELD: SPUITREKORD VIR PLAAG- EN SIEKTEBEHEERMIDDELS**

| Blok nommer/naam | Grootte (ha) | Blok nommer/naam | Grootte (ha) | Blok nommer/naam | Grootte (ha) |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | **Totale area onder wingerd** | |

| DATUM | BLOK/-KE BEHANDEL | PRODUK | FORMULASIE | DOSIS & VOLUME/HA | METODE TOEGEDIEN | GROEISTADIUM | DOEL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

**TABEL 2. KONTROLELYS VIR OPBERGING, HANTERING EN WEGDOEN VAN PLAAGBEHEERMIDDELS OP PLASE VOLGENS SANS 10206: 2005**

| STOOR VIR PLAAGBEHEERMIDDELS | | |
|---|---|---|
| **Toestemming** | Toestemming vir oprigting van 'n nuwe stoor & okkupasie sertifikaat van plaaslike owerheid verkry. | |
| | Okkupasie sertifikaat van plaaslike owerheid verkry vir bestaande stoor. | |
| **Plasing van stoor** | Bo 50 jaar vloedlyn, verkieslik bo 100 jaar vloedlyn. | |
| | Nie in pad van rotsstortings, sterk wind, vallende bome,veldbrande, ens. | |
| | ▪ Verkieslik in aparte gebou, minstens 10 m weg van woonhuis, stalle en store vir veevoer, brandstof en vlambare materiaal.<br>▪ Indien deel van 'n kompleks, moet stoor met 'n soliede muur afgeskort wees sodat daar geen vrye lugbeweging tussen die stoor en die res van die gebou is. Goedgekeurde brandbestande muur indien vlambare produkte geberg word. | |
| | Weg van riviere, damme, boorgate en plekke waar oorstroming waarskynlik is. Vermorsing en oorstromings moenie waterbronne, gewasse of weidings besoedel nie. | |
| | Moet onder toesig gehou kan word. | |
| | Maklike toegang vir op- en aflaai. | |
| | In geval van brand: maklike toegang vir brandbestryding, plantegroei binne 5m van gebou skoongemaak. | |
| **Konstruksie** | Mure, dak & vloer moet van nie-vlambare materiaal gemaak wees. | |
| Vloer | ▪ Gladde ("screeded") beton verlang. Grond, hout, bitumen, PVC, linoleum, growwe, disintegrerende of gekraakte beton nie aanvaarbaar.<br>▪ Moet ondeurdringbaar wees vir chemikalieë wag mag mors.<br>▪ Vloere en mure moet waterdig met mekaar seël. | —<br>—<br>— |
| Mure | Moet baksteen of beton wees. | |
| Dak | ▪ Lek nie en geïnsuleer met nie-vlambare materiaal om temperatuur te handhaaf wat nie buitensporig hoog is nie.<br>▪ Ventilators in dak sal warm lug toelaat om te ontsnap. | |
| Deure | ▪ Verkieslik staal met doeltreffende slotte.<br>▪ Alle deure moet sekuriteitshekke hê om die risiko van geforseerde toegang te verlaag.<br>▪ Uitgangsdeur(/-e) moet na buite oopmaak. | —<br>—<br>— |
| Vensters | ▪ Moet genoeg lig inlaat om etikette te lees, andersins moet elektriese lig geïnstalleer word.<br>▪ Alle venters moet diefwering hê.<br>▪ Vensterrame moet van staal wees.<br>▪ Vensters moet van bedraade glas wees, minimum 8 mm dik.<br>▪ Vensterpanele se maksimum grootte is 450 x 450 mm.<br>▪ Vensters mag nie kan oopmaak nie. | —<br>—<br>—<br>—<br>—<br>— |
| Beperking van besoedeling | ▪ Seël alle laste in die vloer .<br>▪ Keerwalletjie van 20 cm hoog by deuringang (verhoed omgewings- | —<br>— |

| | | |
|---|---|---|
| | besoedeling en hou ook vloedwater uit stoor). | |
| Ventilasie | ▪ Natuurlike ventilasie: ventilasiestene (min. 140 x 215 mm), bedek met nie-korrodeerbare gaasdraad, in minstens 3 buitemure, om totale lugvolume minstens 5 maal/uur te wissel.<br>▪ Meganiese ventilasie: moet te alle tye aangeskakel wees, met kapasiteit om totale lugvolume minstens 5 maal/uur te wissel. | __<br>__ |
| Weerlig-beveiliging | Beveilig stoor teen weerlig in gebiede waar dit benodig word. | |
| Afloopwater | Besoedelde water (brandbestryding of opruim van stortings) moet opgedam en volgens vereistes van plaaslike regering verwyder kan word sodat dit nie die omgewing besoedel nie. | |
| **Sekuriteit** | ▪ Slegs gemagtigde en opgeleide persone mag toegang hê tot sleutels en stoor.<br>▪ Area rondom stoor beveilig teen ongemagtigde toegang deur 'n muur/heining van minstens 1,8 m hoog, met toesluitbare hek en 'n skoon strook van 1 m breed langs die binnekant van die heining. | __<br>__ |
| **Plasing van produkte in stoor** | Slegs plantbeskermings- en/of dieregesondheidsprodukte mag in stoor wees – geen veevoer. | |
| | Onkruiddoders en fenoksieverbindings geskei van ander plaagdoders deur 'n muur of 'n skeiding van draad of traliewerk, met 'n aparte sluitbare deur/hek om te voorkom dat onkruiddoders met ander middels vir loofbespuiting verwar word (GAP)*. | |
| | Aparte, omheinde en sluitbare area voorsien vir alle Gevaargroep I produkte. | |
| | Spesiale vereistes vir vlambare produkte nagekom, waar nodig. | |
| Rakke | ▪ Rakke nie-absorberend, ondeurdringbaar en chemies bestand teen gebergde produkte –houtrakke oorgetrek met dik plastiek of nie-vlambare skinkborde kan gebruik word om produkte op te plaas.<br>▪ Groot houers/kanne nie direk op kaal sementvloer gestoor – plaas op houtpalette oorgetrek met dik plastiek of op plastiekpalette.<br>▪ Produkte in soliede, poeier- of korrerlvorm moet bokant vloeibare formulasies geberg word (minder skade in geval van lekkasies en ongelukke).<br>▪ Berg oop sakke met poeierformulasies in groot plastiekdromme met deksels om dampe te beperk, beskerming te bied teen kontaminasie met ander middels en onnodige vermorsing op die vloer te verhoed (GAP)*. | __<br>__<br>__<br>__ |
| | Alle produkte moet in oorspronklike houers met etikette geberg word. | |
| **Werksarea** | ▪ Afsonderlike voorbereidingsarea met keerwalletjie ingerig vir afmeet, afweeg en aanmaak van middels.<br>▪ 'n Oogwasbottel & wasbak met lopende water om toerusting te was sodat die omgewing nie besoedel word nie,voorsien in die voorbereidingsarea<br>▪ Stortfasiliteite in of naby voorbereidingsarea beskikbaar. | __<br>__<br>__ |
| **Storting** | ▪ Besem, graaf en emmer sand beskikbaar om stortings op te ruim.<br>▪ Groot, oop houers beskikbaar vir verwydering van besmette materiaal en om lekkende houers in te plaas. | __<br>__ |
| **Waarskuwings-tekens** | ▪ Waarskuwingstekens by ingang en op omringende heining: "Stoor vir Plaagdoders" <u>en</u> "Ongemagtingde Toegang Verbode" in rooi letters (≥75 mm) op wit agtergrond. | __ |

| | | |
|---|---|---|
| buite stoor | ▪ By ingang: Rook Verbode; Geen Oop Vlamme; Geen Vure; Plasing en tipes brandwerende toerusting (tekens minstens 290 x 290 mm). | __ |
| binne stoor | ▪ Alle areas duidelik afgebaken en relevante gevaargroepdiamante (bv. toksies, vlambaar, korroderend) opgesit (grootte minstens 250 x 250 mm).<br>▪ Rook Verbode; Geen Oop Vlamme; Geen Vure (tekens minstens 290 x 290 mm).<br>▪ Posisie van Noodhulppos.<br>▪ Posisie/plasing en tipes brandwerende toerusting. | __<br>__<br>__<br>__ |
| **Verantwoordelike persone** | ▪ Persoon verantwoordelik vir bestuur van stoor (produsent/geletterde plaaswerker) moet opgelei wees in die hatering van plaagdoders & moet die implikasies van verkeerde hantering verstaan.<br>▪ Die verantwoordelike persoon sal elke houer by aflewering nagaan vir korrekte inhoud en om seker te maak dat die houer nie lek nie.<br>▪ Die verantwoordelike persoon sal toesien dat die oudste voorraad eerste gebruik word (vervaardigingsdatum op etiket of skryf afleweringsdatum met watervaste ink op houer). | __<br>__<br>__ |
| **Noodprosedure** | ▪ Noodnommers wat by die naaste telefoon beskikbaar moet wees: naaste gifsentrum, dokter, hospitaal, brandweer en ambulansdiens.<br>▪ Verantwoordelike personeellede moet onmiddelike toegang tot die telefoon en noodnommers hê, ook in afwesigheid van die werkgewer.<br>▪ Minstens een plaaswerker moet opleiding in basiese noodhulp hê. Inligting rakende relevante noodhulp-prosedures vir alle plaagdoders in die stoor moet op ‘n prominente plek beskikbaar wees.<br>▪ 'n Noodprosedure wat duidelik uitstip watter optrede gevolg moet word in 'n noodsituasie, moet in stoor beskikbaar wees en verantwoordelike personeel moet daarmee vertroud wees. | __<br>__<br>__<br>__ |
| **Brandbestryding** | ▪ Draagbare brandblussers (koolsuurgas, poeier- of skuimtipe) van minimum 9 kg of 9 Lmoet beskikbaar wees.<br>▪ Verhouding: 1 brandblusser vir elke 100 m², tensy plaaslike brandweer aandui dat meer benodig word.<br>▪ Brandslang buitekant stoor voorsien, gekoppel aan ‘n waterbron.<br>▪ Vir store groter as 9 $m^3$ word ‘n sprinkelstelsel aanbeveel.<br>▪ Brandblussers moet jaarliks deur ‘n geregistreerde persoon geïnspekteer en onderhou word (SANS 10105-1, SANS 10105-2, SANS 1475-1, SANS 1475-2). | |
| **Rekordhouding** | ▪ ‘n Volledige, opgedateerde rekord (inventaris) van alle produkte ontvang, gebruik en die balans van produkte in die stoor moet deur die persoon wat vir die stoor verantwoordelik is, bygehou word.<br>▪ Hou rekords weg van die stoor. ‘n Kopie kan ook in die stoor gehou word.<br>▪ Rekords moet te alle tye vir inspeksie deur nasionale, provinsiale of plaaslike owerhede beskikbaar wees. | |

| **HANTERING EN AANWENDING VAN PLAAGDODERS** | | |
|---|---|---|
| **Volmaakpunte** | Die vermengings- en volmaakareas vir spuittenks moet:<br>▪ behoorlik verwyder wees van enige waterbronne<br>▪ die vloer moet nie-poreus wees (bv. sement met plastiekvoering)<br>▪ die vloer moet met ‘n walletjie omring wees (“bunded”)<br>▪ uitspoelwater van afmeettoerusting moet in spuittenk gegooi word<br>▪ afloopwater en stortings mag nie die grond of waterbronne besoedel nie (bv. bou ‘n nie-deurlaatbare verdampingsput van sement, vul met gruis-klippe of bedek met rooster & gooi gereeld kalk by om die pH te verhoog, of installeer ‘n opgaartenk wat deur Wastech leeggemaak word). | |

| | | |
|---|---|---|
| **Gesondheid van werkers** | ▪ Slegs werkers wat medies geskik verklaar is, mag werk doen waar hulle aan plaagdoders blootgestel word.<br>▪ Operateurs wat plaagdoders hanteer, moet jaarliks mediese ondersoeke ondergaan om vir enige tekens van plaagdoderblootstelling te toets.<br>▪ Mediese rekords en rekords van plaagdoderblootstelling moet vir elke werker wat aan plaagdoders blootgestel is, gehou word. Werksblootstellingsrekords moet vir minstens 30 jaar gehou word of moet na die streeksarbeidsverteenwoordiger gestuur word, indien boerdery gestaak word. | —<br>—<br>— |
| **Opleiding** | ▪ Elke plaaswerker wat met plaagdoders werk, sal opgelei word om die betekenis van die simbole op etikette te verstaan en om geskrewe instruksie te interpreteer.<br>▪ Spuitoperateurs moet praktiese opleiding (sertifikate) in die veilige hantering en aanwending van plaagdoders ondergaan en moet die risiko's wat dit inhou en die voorsorgmaatreëls wat getref moet word, ken.<br>▪ Minstens 2 lede van elke span operateurs moet basiese noodhulpopleiding, veral m.b.t. plaagdoderblootstelling, ondergaan. | —<br>—<br>— |
| **Beskermende oorklere & toerusting** | ▪ Hou beskermende oorklere apart van persoonlike klere (aparte sluitkaste)<br>▪ Alle beskermende oorklere moet deeglik na elke toediening/bespuiting met seep/waspoeier en water gewas word voordat dit weer gebruik word.<br>▪ Besmette oorklere mag nie van die stoorarea verwyder word nie – mag nie by die huis gewas word nie! | |
| Oorpakke | ▪ Moet ondeurdringbaar wees vir plaagdoderformulasies.<br>▪ Moet beskerming bied teen spatsels en druppels.<br>▪ Moet duursaam, lig, gemaklik & bekostigbaar wees.<br>▪ Tweestuk oorpakke (baadjie met kappie & broek) of eenstuk oorpak met kappie kan gebruik word.<br>▪ Kappie moet rondom gasmasker sluit.<br>▪ Moue moet met rek om polse sluit.<br>▪ Broeke moet rek om middel en enkels hê.<br>▪ Baadjies van tweestuk oorpakke moet op heupe vasmaak (bv. Velcro).<br>▪ Oorpakke moet verkieslik liggekleurd wees sodat kontaminasie maklik sigbaar is. | |
| Oog- en gesigbeskerming | ▪ 'n Gesigskerm van deurskynende materiaal, wat ondeurdringbaar vir oplosmiddels en plaagdoderdampe is en wat volle gesigsbeskerming verleen, moet gedra word soos op die etiket aangedui wanneer spuitmengsels voorberei en aangewend word.<br>▪ Veiligheidsbrille is 'n aanvaarbare alternatief vir gesigskerms. | |
| Handskoene | ▪ Handskoene gemaak van nitrielrubber, PVC, neoprene en butielrubber is geskik.<br>▪ Moet lig van kleur (kontaminasie met plaagdoders sigbaar) en nie-glyerig wees.<br>▪ Gevoeringde handskoene word nie aanbeveel nie – plaagdoders bou in die voeringmateriaal op.<br>▪ Handskoene moet klank genoeg wees om arm tot minstens 90 mm bokant die pols te bedek.<br>▪ Gekontamineerde handskoene moet met seep & water gewas word voor en na dit van die hande verwyder word (binnekant buite). | |
| Stewels | ▪ Rubberstewels, ongevoering en minstens kuithoogte moet gebruik word. Broeke moet buitekant stewels oorhang, om te verhoed dat plaagdoder in die stewels beland.<br>▪ Stewels moet aan die einde van elke dag se bespuitings binnekant & buitekant gewas word. | |

| | | |
|---|---|---|
| Hoofbedekking | ▪ ‘n Katoenhoed met rand kan gebruik word om beskerming teen spuitnewels te bied.<br>▪ Oorhoofse bespuiting: ‘n waterdigte hoed en mantel moet gedra word.<br>▪ Wanneer irriterende poeiers (bv. swawel) aangewend word, moet ‘n kappie wat die kop, nek en skouers vir algehele velbeskerming bedek, gedra word.<br>▪ Respirators moet gedra word wanneer dit aangedui word. Moet voldoen aan SANS 10220. | |
| **NOTA** | Trekkers met geslote kappies en lugversorging word aanbeveel vir maksimum veiligheid en gerief tydens aanwending – verhoog ook produktiwiteit en kwaliteit van aanwending & bedekking (GAP)*. | |
| **Wasgeriewe** | ▪ Elke spuitoperateur moet was of stort na afloop van elke bespuiting of skof.<br>▪ Besoedelde waswater mag nie in enige waterbron, insluitend riviere, grondwater en rioolstelsels gestort word nie. | |

| **WEGDOEN VAN LEË HOUERS EN UITGEDIENDE PLAAGDODERS** | |
|---|---|
| **Plaagdoders** | Uitgediende of ongewenste plaagdoders moet na ‘n geregistreerde stortingsterrein vir gevaarlike afval gestuur word. |
| **Leë houers** | ▪ Leë houers moet driemaal uitgespoel en onbruikbaar gemaak word (steek gate in of sny in stukke).<br>▪ Berg houers dan totdat dit verwyder word vir herwinning of wegdoen in ‘n stortingsterrein vir gevaarlike afval. Maak seker dat die persoon/maatskappy wat dit verwyder, geregistreer is om wettiglik van die houers ontslae te raak.<br>▪ Brandbare houers mag nie op plase verbrand word nie – dit is onwettig. |

*** GAP =** nie ‘n wetlike vereiste, maar word aanbeveel as ‘n goeie landboupraktyk om veilige hantering, aanwending en berging van middels te bevorder.